



Die Rietfluit



Rietfluit familiebrief

Januarie 2008

Getuienisjaar



Dink buite die boks in 2008!

Het jy al van die padda gehoor wat uitgebroei het in die bodem van 'n put? Hy het gedink die lewe kan nie beter nie, tot hy eendag opgekyk het, en die daglig bo hom gesien het. Toe hy boontoe klim, was hy verbaas om 'n ander poel te sien, baie groter as die een waarin hy geleef het. En nog 'n ent verder ontdek hy 'n meer, weer eens baie groter. Uiteindelik kom hy uit by die oseaan, en al wat hy kon sien, is water. Skielik besef hy hoe beperk sy gedagtes was. Hy het gedink dat alles wat hy nodig gehad het, onder in die put was. Maar dit was maar 'n druppel in die emmer in vergelyking met die goed wat daarbuite was vir hom om te geniet.

Miskien leef jy vandag in jou eie klein "put", huiwerig om jou gemaksonne te verlaat, tevrede met 'n beperkte en veilige bestaan, terwyl God se riviere "diep is, sodat 'n mens sou moes swem.". Sou jy nie 'n geloofstap wil neem, nuwe dieptes saam met Hom bereik, en plekke gaan waar jy nog nooit was nie? Onthou, die vyand sal alles doen om jou aan jou tekortkominge te herinner, soos jou verlede, jou tekort aan formele opleiding en jou voorkoms. Maar Bruce Wilkinson sê: "Dit maak nie saak of jou geld, mense, energie of tyd kort nie. Wat God jou uitnooi om te doen, is altyd groter as daardie hulpmiddels waarmee jy begin."

Jy hoef nie toe te laat dat jou vrese jou visie beperk nie, want die hulpbron wat jy in God het, kan nie uitgeput raak nie. Net een idee, net een, kan jou lewe en die lewe van dié om jou, verander. *Hy beplan vanjaar groot dinge vir jou!*

Sielkos-leeswerk: Gen. 50, Hag. 1-2, Luk. 9:57-62, Ps. 149, Pred. 4:25-27

Vader-van-genade, vanjaar wil ek regtig 'n vreugdevolle getuienismens wees.

Iemand wie se lewe gebou is op u voorskrifte en wil.

Help my om getrou te wees:

getrou aan U, ander en myself

sodat my lewe u liefdesblydskap sal vertoon.



Dames onthou julle die wonderlike afsluiting in 2007, die koskasprojek in die kombuis en die tuinbankie en plante by die trap? Wel, in 2008 kry elkeen weer die geleentheid om beeld en vrugdraer te wees en dit uit te leef: Mag Gal 5:22 en die vrug van die gees vanjaar deel wees van elke vrou in Rietfontein-Suid se lewe: vreugde vriendelikheid, vrede, selfbeheersing, liefde, goeiehartigheid,

getrouheid & nederigheid. Laat ons weer hande vat om nog projekte deur te voer en die krag van die Woord ook deur die estetiese te laat blyk. Dankie dat jy voor loop in hierdie poging Brenda!!!



Hoe lyk dit met 'n bietjie fiksheid vir 2008?

WARM OP deur te kniel in gebed.

TEL OP al jou seeninge.

GOOI jou sorg van jou skouers af.

ROL groot struikelblokke uit die pad uit..

DRAF jou dagtakies in dankbaarheid kaf en

STREK na die goeie en opregte lewe.

SKUD jou kop van links na regs vir

versoekings.

REIK nou sywaarts uit en

DEEL die goeie boodskap met die mense om jou.

So bly ons geestelik fiks.





Musiekbediening

Klankstelsel Fondsinsameling

Die musiekbediening in ons Gemeente het pragtig gegroei oor die afgelope paar jaar, en in 2008 wil ons die Here nog meer loof en prys deur sang en musiek. Hierdie jaar is daar een maal per maand 'n lofprysingsdiens in die oggend, asook 'n jeug lofprysingsdiens in die aand. Tot op hede is daar van 'n geleende klankstelsel gebruik gemaak vir voorsang, en het die noodsaaklikheid vir 'n eie klankstelsel nou na vore gekom. Daar word ook beoog om 'n eie dromstel vir die kerk aan te koop, aangesien dit 'n moeilike instrument is om te vervoer.

As die Here dit op jou hart lê, en jy 'n liefde vir die musiek het, help ons asb. om die aankoop van hierdie toerusting moontlik te maak. Die kostes vir hierdie toerusting beloop R 20 000. Tot op hede is 'n mooi bedrag van R 8 000 alreeds ingesamel. Oorweeg daarom asb. hierdie saak in biddende afhanklikheid, sodat die Here jou kan gebruik soos dit Hom behaag.

Vir meer inligting kan Louis Scheepers gekontak word by 078 258 5092 of 012 333 8818.

Inbetalings kan by die kerkkantoor gedoen word.

'N ONDERGRONDSE-JEUG- BEWEGING?

2008 hou groot uitdagings en nuwe ontdekking vir die jeug van ons Gemeente in. Die kelder onder die saal se verhoog, beter bekend as die Katakombe, het die jeug s'n geword, om te omskep in 'n jeuglokaal. Die Riekies, Bybel-bende, Hoërskool selgroep (SKJA), en Naskoolse selgroep (BKJA), sal van nou af die Katakombe gebruik as saamkomplek. In Februarie begin die groot werk, en sal die Katakombe oor 'n paar Saterdag omskep word in 'n plek waar die jeug nie net saam oor die Here kan praat nie, maar waar ons ook kan ontspan en die joy van jonkwees kan geniet. Ons het egter 'n paar dinge nodig om dit in 'n jeug-haven te omskep. As jy dalk iets op ons wenslysie in die huis het, en nie meer gebruik nie, sal ons dit met groot vreugde van jou hande afneem!

Wenslys:

Ketel., Radio, Klein Yskas (Bar fridge).
Pool tafel, Foozball (sokker) tafel.
Banke (2 of 3 seaters).
Aansteekborde.



Ons Sendingfees DV vanaf So 17 – So 24 Februarie. Martin de Lange, 'n jarelange sendeling in Turkye, het ingewillig om die hele Sendingfees waar te neem. Ons sien daarna uit om hom en sy vrou Petro by ons te ontvang.

Ons volgende Geloofsofferbelofte vind DV plaas op So 24 Feb (vir die tydperk Maart 2008 tot Feb. 2009).

Baie dankie vir almal wat in die verlede so getrou hul geloofsbelofte nagekom het.



JEUG LOFPYSINGS DIENS

Maak gereed vir een van die HOTSTE EVENTS hierdie maand, en sommer elke maand van die jaar. Op 10 Februarie, om 18:30, sal die eerste Jeug Praise & Worship diens in die saal begin. 'n Hot band, 'n uur van praise & worship, rook masjiene, ligte en groot klank, is alles op die spyskaart! So, bring sommer al jou vriende en vriendinne, en kom aanbid die Here saam met ons. Dit gaan 'n amazing geleentheid wees, so jy mag dit vir NIKS mis nie!

Vir meer inligting oor die jeug aksies kan Louis gekontak word by 012 333 8818 of 078 258 5092

Welkom nuwe intrekkers

Sydney & Mandi Collignon met Denise, Kenneth & Monise



Rita Conradie



*Trudie
Holmes*